higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## MEDIESE PRAKTYK N6
## (Tweede vraestel)

**9 Junie 2021**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Bioterugvoer | | |
| | 1.1.2 | Ontkenning | | |
| | 1.1.3 | Angs | | |
| | 1.1.4 | Regressie | | |
| | 1.1.5 | Isolasie | | |
| | 1.1.6 | Liggaam en gees | | |
| | 1.1.7 | Volwassenheid | | |
| | 1.1.8 | Persoonlikheid | | |
| | 1.1.9 | Etiese gedrag | | |
| | 1.1.10 | Aanvaarding | | |
| | | | (10 × 2) | (20) |
| 1.2 | 1.2.1 | Waar | | |
| | 1.2.2 | Onwaar | | |
| | 1.2.3 | Onwaar | | |
| | 1.2.4 | Waar | | |
| | 1.2.5 | Onwaar | | |
| | 1.2.6 | Onwaar | | |
| | 1.2.7 | Waar | | |
| | 1.2.8 | Waar | | |
| | 1.2.9 | Waar | | |
| | 1.2.10 | Onwaar | | |
| | | | (10 × 2) | (20) |
| | | | | **[40]** |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Sien slegs DRIE vrae in hierdie afdeling na.

## VRAAG 2

2.1
- Aantrek
- Bad
- Versorging
- Verskuiwing
- Beweging om bedsere te voorkom
- Toiletroetine
- Katetersanitasie
- Voorbereiding van etes
- Eet
- Neem van medikasie
- Geestesgesondheidsorg
- Vervoer
- Huiswerk
- Inkopies (Enige relevante 7 × 1) (7)

2.2
- Neem tyd om oorweldigende gedagtes en emosies te verwerk
- Ondersoek jou vrese eerlik
- Oorweeg negatiewe gevolge as jy nie voldoende behandeling kry nie
- Laat jouself toe om vrese en emosies te verwoord
- Identifiseer irrasionele oortuigings oor die situasie
- Skryf jou gedagtes neer. / Hou dagboek van die ervaring.
- Praat met 'n geliefde of betroubare vriend.
- Sluit aan by 'n ondersteuningsgroep
- Ondersoek gesonde maniere om die situasie die hoof te bied
- Praat met 'n professionele geestesgesondheidswerker.

(Enige relevante 8 × 1) (8)

2.3
- Albei is opgelei om probleme rakende geestesgesondheid te hanteer.
- Albei kan na jou probleme luister.
- Albei wil jou help om jou probleme te bestuur.
- Albei is geregistreer by die SA Raad vir Gesondheidsberoepe (HPCSA)
- Sielkundiges het minstens 7 jaar tersiêre opleiding voltooi en 'n raadseksamen geslaag; hulle kan sielkundige assesserings doen.
  Psigiaters is mediese dokters; hulle kan medisyne voorskryf en fisiese ondersoeke doen.
- Psigiaters prioritiseer fisiologiese verklarings en farmakoterapie.
  Sielkundiges konsentreer op gedrag, denkprosesse, emosies en lewenservarings en doen psigoterapie. (Enige relevante 5 × 1) (5)

**[20]**

## VRAAG 3

3.1
- Biologie
- Psigologie
- Intellek
- Belangstelling in sport
- Beroepskeuse
- Maatskaplike/Sosiale verskille
- Geslags-/Genderverskille (Enige relevante 7 × 1) (7)

3.2
- Bly kalm.
- Moenie argumenteer nie.
- Begin 'n gesprek om hul gevoelens uit te lok en te verstaan.
- Wees diplomaties.
- Stel duidelike grense om jouself te beskerm en om toenemende woede te voorkom (sê bv. jy sal iets binne tien minute doen en doen dit dan.)
- Wys empatie.
- Laat die pasiënt weet dat jy bekommerd is oor hul welstand.
- Help die pasiënt om die bron van frustrasie op te los indien moontlik.
- As jy nie die probleem kan regstel nie, verduidelik rustig waarom dinge is soos dit is en dat die beleid, mediese fonds, ens. hulle ook baat.
- Onthou die pasiënt se gedrag kan 'n verdedigingsmeganisme wees.
- Onthou die pasiënt ervaar waarskynlik pyn, angs, vrees, depressie, ens.
- As jy bang is jy gaan toegee aan jou eie emosies, verskoon jou totdat jy kalm is, of vra 'n kollega om eerder die pasiënt te hanteer.
- Na 'n onaangename interaksie moet jy erken dat dit normaal is om ontsteld of kwaad te word en probeer dit dan afskud en aanbeweeg.

(Enige relevante 8 × 1) (8)

3.3 Vrees vir:
- skending van privaatheid
- verlies aan onafhanklikheid en beheer
- verandering in liggaamsbeeld of voorkoms, bv. na 'n operasie
- dood
- gestremdheid
- probleme met kommunikasie met verpleegsters en ander personeel
- verlies aan status in / skeiding van portuurgroep
- die impak op ouers of hul finansies
- onvermoë om by te hou met skoolwerk en dalk 'n jaar te druip

(Enige relevante 5 × 1) (5)
**[20]**

## VRAAG 4

4.1
- Vuurwapen
- Spring van 'n hoogte af
- Uitbloeiing (sny polse of slagaar)
- Koolstofmonoksiedvergiftiging
- Hang
- Verdrinking
- Oordosis dwelms/alkohol
- Elektriese skok
- Versmoring
- Motorongeluk
- Vergiftiging
- Hipotermie
- Immolasie
- Rituele selfmoord, bv. seppoekoe/harakiri (Enige relevante 7 × 1) (7)

4.2
- Ondersoek die toestand en leer soveel as moontlik daaroor.
- Maak kontak met ander gesinne wat dit ervaar om wenke te gee, vir ondersteuning en sodat die kind weet hy/sy is nie alleen nie.
- Maak die huis kindervriendelik en sorg dat alles wat warm of gevaarlik is vir die kind ontoeganklik is.
- Die kind kan 'n beskermende bril dra om te verhoed dat hy/sy die oë krap.
- Ouers moet die kind leer om onmiddellik hulp te kry as hy/sy bloed sien, selfs al voel hulle geen pyn nie.
- Moedig swem as sportsoort aan; daar is min kans op besering.
- Ondersoek jong kinders gereeld vir beserings.
- Stel 'n 'n tydhouer om toilet toe te gaan; dalk voel hulle nie wanneer dit nodig is nie.
- Arbeidsterapie kan help met maniere wat minder stres op gewrigte plaas.
- Laat tande se skerp rande wegvyl of gebruik 'n mondskerm indien nodig.
- Gebruik oogdruppels of salf vir droë oë.
- Gebruik bevogtiger vir droë vel om die risiko van velinfeksies te verminder.
- Sorg dat die omgewingstemperatuur beheer word.
- Sorg dat die kind geskikte skoene dra en gereeld die gewig van die voete af haal deur te sit of lê. (Enige relevante 8 × 1) (8)

4.3
- Dit help deelnemers om te besef dat hulle nie alleen is nie.
- Deelnemers kan leer hoe ander soortgelyke probleme hanteer.
- Dit fasiliteer die gee en ontvang van ondersteuning.
- Dit gee deelnemers toegang tot verskillende perspektiewe en meer terugvoer.
- Dit bied 'n veilige omgewing waarin sekere vaardighede ingeoefen kan word voordat dit buite die groep toegepas word.
- Dit kan individue help om meer bewus te word van hul eie gevoelens en behoeftes in vergelyking met dié van ander.
- Dit leer deelnemers om op gesonder maniere met ander om te gaan.
- Groepterapie is gewoonlik goedkoper as individuele terapie.

(Enige relevante 5 × 1) (5)

**[20]**

## VRAAG 5

5.1
- Antidepressante
- Antipsigotikums
- Angsiolitikums
- Hipnotika/Depressante/Kalmeermiddels
- Gemoedstabiliseerders
- Stimulante
- Elektrokonvulsiewe terapie
- Psigochirurgie/ Neurochirurgie vir geestesversteurings
- Hipnose (Enige relevante 7 × 1) (7)

5.2
- Wees vriendelik en medelydend. / Betoon empatie met ander.
- Lees na oor selfmoord en geestesongesteldheid.
- Breek die stigma rakende geestesongesteldheid en die vra vir hulp af.
- Wees bedag op die waarskuwingstekens vir selfmoord.
- Leer hoe om uit te reik en met ander te skakel.
- Reik uit na individue wat eensaam lyk en wys hulle iemand gee om.
- Reik uit na iemand as jy dink hulle koester selfmoordgedagtes.
- Laat iemand wat selfmoordgedagtes koester toe om oor sy/haar gevoelens te praat en luister na hulle.
- Verwyder moontlike selfmoordmiddele as jy kan; sluit bv. wapens toe.
- Moedig iemand met selfmoordgedagtes aan om professionele hulp te kry.
- Moedig gesonde leefstylkeuses aan.
- Maak seker mense is bewus van die situasie as 'n vriend/familielid selfmoordgedagtes koester; sorg dat iemand wat na aan hulle is en omgee weet sodat hulle kan help.
- Wees vertroud met nuttige hulpbronne en ondersteuningsdienste en weet na wie om iemand te verwys vir hulp of wie om in noodgevalle te kontak.
- Moedig plaaslike media aan om selfmoord op 'n verantwoordelike manier uit te beeld wat sal voorkom dat ander dit na-aap.
- Kry gespesialiseerde opleiding in die hantering van iemand met selfmoordgedagtes as jy 'n professionele beroep beoefen.

(Enige relevante 8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou 

5.3
- Sommige bejaarde pasiënte ervaar delirium/verwarring en raak gedisoriënteerd en onrustig in die hospitaal.
- Dit kan op die lang termyn lei tot kognitiewe agteruitgang.
- Pasiënte ervaar dikwels 'n gebrek aan verstandelike stimulasie.
- Verveling is algemeen.
- Pasiënte word dikwels swakker in die hospitaal en kan nie hul daaglikse roetine hervat wanneer hulle ontslaan word nie; dit lei tot gevoelens van hulpeloosheid.
- Gevoelens van hulpeloosheid kan hul selfbeeld beïnvloed.
- Hospitaalverblyf kan hulle afsonder en eensaam maak.
- Verlengde hospitaalverblyf kan die daaglikse roetine ontwrig en stres veroorsaak.
- Bejaardes wat in die hospitaal opgeneem is, voel dikwels asof hulle beheer oor hul lewens verloor het, veral as ander vir hulle besluite neem.

(Enige relevante 5 × 1) (5)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou